GEWELD GEPLEEG DEUR STAATSPELERS

16 DAYS OF ACTIVISM AGAINST GENDER-BASED VIOLENCE
16 DÍAS DE ACTIVISMO CONTRA LA VIOLENCIA DE GÉNERO
16 JOURS D'ACTIVISME CONTRE LA VIOLENCE DE GENRE
25 NOV - 10 DEC http://16dayscwgl.rutgers.edu

Staatsmilitarisme (sien stuk oor "*Wat is Militarisme*") floreer weens die bevoordeling van geweldadige manlikheid, aanmoediging van stereotipiese aggressiewe, macho optrede vir mans, en onderdanige, gedweë optrede vir vroue. Met 'n samelewing wat so verdeel is, sal enige persoon wat dit waag om verby hierdie vasgestelde norme te beweeg en die gebruik van geweld bevraagteken, hulleself in gevaar stel. Dit beïnvloed die veiligheid en sekuriteit van vroue, mans, en kinders en laat skending van menseregte toe, soos kinder- en geforseerde huwelike en die gebrek aan ekonomiese onafhanklikheid en onderrig vir vroue.

Geweld deur Staatspelers teen burgers vind plaas tydens geweldadige konflik en gedurende "vredestye", en State regverdig die toenemende militarisering van die gemeenskap en politieke agendas op verskillende maniere, maar met soortgelyke resultate.

State gebruik geslagsterminologie soos "beskerm die vaderland" om spandering op wapens en militêre basisse, skending van burgerlike vryhede, en ondeursigtigheid rondom regeringsinstellings te ondersteun en regverdig. Geweld deur State en nie-Staatspelers, insluitend nasionale weermagte, VN vredesmagte, semimilitêres, burgermagte en privaat maatskappye te huur, vind plaas in publieke en privaat areas, vlugtelingkampe, polisiestasies, polisie-aanhouding, tronke en in die weermag.

Bepleit einde van straflosheid

Raak betrokke met beleidmakers wat bereid is om te luister en wat werk op plaaslike, streeks- en nasionale vlakke, asook met die Verenigde Nasies en ander invloedryke liggame om die einde van geslagsgebaseerde geweld 'n prioriteit en 'n suksesmerker vir nasionale ontwikkeling te maak.

Dokumenteer en publiseer gevalle van oortredings teen menseregteverdedigers, joernaliste, inheemse en gemarginaliseerde groepe. Deel inligting oor skendings van menseregte van geteikende groepe plaaslik en internasionaal, en dring aan op geregtigheid van invloedryke regerings, streeksmeganismes en internasionale regerings- en geregsmeganismes.

Skep Bewustheid

Skryf oor die voorkoms van seksuele en geslagsgebaseerde geweld en hoe oorlewendes, gemeenskappe, en Staatspelers die kwessies aanspreek of nie aanspreek nie. Skryf vir plaaslike en internasionale bewustheid en forseer die stigma van seksuele en geslagsgebaseerde geweld uit die skaduwees. Praat met die media (koerante, radio, en televisie) en gebruik sosiale media (Facebook en Twitter) om gewone mense plaaslik en internasionaal in te lig oor die realiteite waarmee Vroue-menseregteverdedigers en ander regsaktiviste gekonfronteer word in jou area.

Ongelykheid geskep deur politieke en ekonomiese hiërargieë word dikwels deur die Staat beskerm. Hiërargie van mag is 'n sleutel element van "strukturele geweld", en word ondersteun deur ongelykheid en diskriminasie gebaseer op ouderdom, klas/kaste, geslag, ras/etnisiteit en seksuele oriëntering. Militarisme in praktyk gebruik geweld om politieke, sosiale en ekonomiese belange en dispute aan te spreek en af te dwing, beide binne nasionale grense en internasionale verhoudings.

Vroue wat nie bang is vir sosiale en politieke strukture wat op hulle afgedwing is nie, is individue wat gevrees moet word deur beide Staat- en nie-Staatspelers. Hulle staan op teen die huidige magstrukture verbonde aan patriargie en militarisme. Hiervoor word Vroue-menseregteverdedigers (VMSVs) veral gekonfronteer met geslagskendings en uiterse onveiligheid, insluitend seksuele geweld en dood. VMSV's word geïdentifiseer deur hulle geslag, en kom as gevolg hiervan te staan voor seksualiteitsterging, seksuele teistering, of seksuele aanranding.

Aangespoor deur die Staat se minagting vir die verantwoordelikheid om vroue se menseregte te beskerm en bevorder, neem nie-Staatspelers ook deel aan seksuele en geslagsgebaseerde geweld en diskriminasie in areas onder hulle beheer.

RUTGERS
School of Arts and Sciences

Center for Women's Global Leadership
Rutgers, The State University of New Jersey
http://cwgl.rutgers.edu

Wanneer Staatspelers strafloos kan optree, kan nie-Staatspelers dit gebruik om hulle eie geweldadige praktyke teenoor vroue, mans en kinders te onderskraag, in die wete dat die lang arm van die gereg hulle nie sal raak nie.

Nie-Staatspelers word soms deur State gebruik om krygsdiens te verrig, en wanneer menseregteskendings plaasvind, word hulle dikwels nie verantwoordelik gehou nie. So 'n vennootskap tussen sommige Staatspelers, nie-Staatspelers en/of die privaatsektor verseker dat straflosheid voortduur in baie dele van die wêreld.

Vrede, sekuriteit en die wettiging van Staatsmag (geweldadig of geslepe soos spioenasie) is gebaseer op militarisme, waar die Staat mag en gesag het om sy wil uit te oefen, dikwels deur geweld teenoor populasies binne en buite die landsgrense. Om dit aan te spreek, moet die geslagsdinamiek en normalisasie van geweld wat onderliggend is eers ontrafel word, asook belegging in nie-geweldadige vredes- en sekuriteitsmeganismes. Dit benodig 'n skuif van staatsekuriteit na menslike sekuriteit, met geslagsgelykheid en menseregte as 'n basis.

Militarisme en die deurdringendheid van straflosheid moet eindig, en Staatsregerings moet verantwoordelik en aanspreeklik gehou word vir monitering en ondersteuning van gelykheid en menseregte.

Versterk die Werk van VMSVs

Bespreek vroue se menseregte, die gebruik van seksuele en geslagsgebaseerde geweld, en geweld teen aktiviste met jou gemeenskap en omliggende gemeenskappe. Mobiliseer almal om aanspreeklikheid van Staatplegers te eis deur nasionale, streeks- en internasionale meganismes. Nader hierdie gemeenskappe om saam met hierdie aktiviste te staan in die gesig van Staat en nie-staat geweld. Versterk die werk van VMSVs deur verbeterde kommunikasie, deel van inligting, en dokumentering van gevalle van geweld op plaaslike, streeks- en internasionale vlakke. Moedig mans aan om 'n rol te speel in die eindiging van seksuele en geslagsgebaseerde geweld teen vroue aktiviste deur Staatspelers, bloot deur teenwoordig te wees gedurende optogte, demonstrasies, en ander publieke aktiwiteite. Help mans wat huiwerig is om te sien dat hulle en hulle samelewing sal voordeel trek uit 'n einde aan seksuele en geslagsgebaseerde geweld deur individue, groepe en Staatspelers.

State het 'n plig om plegers van geweld te ondersoek, vervolg en te straf. Nasionale, streeks- en internasionale meganismes moet ook Staat- en nie-Staatspelers aanspreeklik hou vir skending van menseregte van almal in die populasie.

Hulpbronne

Werk saam met Beleidmakers

- DCAF Toolkit on Gender and Security Sector Reform: http://www.dcaf.ch/Series-Collections/Gender-Tools-and-Resources
- United Nations Procedure for Complaints by Individuals Under the Human Rights Treaties: http://www.ohchr.org/EN/HRBodies/TBPetitions/Pages/IndividualCommunications.aspx#proceduregenerale
- Special Rapporteur on the Promotion and Protection of the Right to Freedom of Opinion and Expression: http://www.ohchr.org/EN/Issues/FreedomOpinion/Pages/OpinionIndex.aspx

Vroue-menseregteverdedigers

- United Nations Resolution on WHRDs: http://www.un.org/ga/search/view_doc.asp?symbol=A/C.3/68/L.64/Rev.1
- Women Human Rights Defenders Initiative : http://www.awid.org/Our-Initiatives/Women-Human-Rights-Defenders
- Front Line Defenders. (2005) "Protection Manual for Human Rights Defenders" http://www.frontlinedefenders.org/manuals/protection

Relevante Organisasies

- Committee to Protect Journalists: https://www.cpj.org
- Human Rights Watch: http://www.hrw.org
- Women Peacemakers Program: www.womenpeacemakersprogram.org
- Women Under Siege: http://www.womenundersiegeproject.org
- Women Human Rights Defenders International Coalition: http://defendingwomen-defendingrights.org

Veldtogte

- Day to End Impunity: http://daytoendimpunity.org
- Take Back the Tech: https://www.takebackthetech.net